"Benescke se dagstukkies is kosbaar soos fyngoud in my siel. Dit omhul my menswees soos daardie goue superfyn "streamers" wat 'n mens oor blomme strooi om dit nog mooier en begeerliker te laat lyk. Baie dankie." – **Elize**

"Baie dankie vir elke dag se manna uit die hemel. Ek is 'n boer van die Noord-Kaap en behandel elke dag die gedeelte met my werknemers. Dit beteken vir ons baie." – **Henk**

"Die inspirerende stukkies wat Benescke elke dag skryf, is die allerbeste en mooiste wat ek in 'n baie lang tyd gelees het." – **Marinda**

"Benescke se kort en kragtige verhale hou ons mensdom op Jesus gefokus. Dit is ideaal vir huisgodsdiens saam met die gesin of sommer net om jou geloof in God te versterk. Baie dankie!" – **Charmaine**

"Ek kan nie wag om soggens 'Vers-'n-dag' te lees nie. Benescke kry dit reg om 'n mens se hart en verstand te raak en jou te laat besin." – **Johan,** Saoedi-Arabië

"Baie dankie dat julle Benescke se raakvat-raad uit die Woord met ons deel. Sy het werklik 'n gawe ontvang om die dinge uit te snuffel en so prakties deur uitstekende voorbeelde te bevestig." – **Riaan**

"Elke boodskap wat Benescke skryf is aangrypend, prakties en eerlik. Ek is mal daaroor. Ek is doodseker haar boodskappe raak duisende mense daagliks aan terwyl dit hulle inspireer en motiveer." – **Joan**

"Ek kan nie wag om in die oggend by die werk te kom en Benescke se boodskap vir die dag te lees nie. Sy is waarlik 'n opregte kind van die Here wat haar boodskap op 'n alledaagse, verstaanbare manier skets." – **Lindie**

"Wat 'n voorreg om elke dag Benescke se boodskappies te lees. Ek sien so uit daarna. Dit is die eerste ding wat ek lees as ek my e-posse soggens by die werk oopmaak." – **Andrea**

"Ek het vir my 'n plakboek gemaak van Benescke se boodskappe en lees dit gereeld weer en weer vir krag en inspirasie. Ek kan nie genoeg dankie sê dat sy haarself oopstel sodat die Heilige Gees ons deur haar met hierdie kragtige boodskappe kan toerus nie." – **Sonya**

Ontdek GOD

in die stories van mense

Benescke Janse van Rensburg

Lux Verbi.BM

Ontdek God in die stories van mense

Uitgegee deur Lux Verbi.BM
Heerengracht 40
Kaapstad 8001

Registrasienommer 1953/000037/07

Kopiereg © 2010 deur Benescke Janse van Rensburg

Aanhalings uit die Skrif in hierdie boek kom uit:

Die Bybel in Afrikaans (1983-vertaling met herformulerings). Kopiereg © 1983, 1990 deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. *Die Bybel in Afrikaans* (1933-vertaling, hersien in 1953). Kopiereg © 1957, 1996 deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Aanhalings word aangedui met (1953-vertaling). *Die Bybel vir Almal.* Kopiereg © 2008 deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Aanhalings word aangedui met (Bybel vir Almal).

Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of langs enige elektroniese of meganiese weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, bandopname, of enige ander stelsel van inligtingbewaring.

Waar daar ’n asterisk (*) na ’n naam in hierdie boek verskyn, dui dit op ’n skuilnaam om die identiteit van die person te beskerm. Aanvullende foto’s en videogrepe is beskikbaar by *www.benescke.co.za*

Omslag deur Michelle Staples
Gedruk en gebind deur Creda Communications, Kaapstad

Eerste uitgawe, eerste druk 2010
Tweede druk 2011

ISBN 978 07963 1192 4

www.luxverbi.co.za
Direkte bestellings: 0861 668 368

Ek dra hierdie boek op aan elke persoon wat my toegelaat het
om hulle ervarings met God met ander te deel.

Aan *Lux Verbi* vir julle geduld en ondersteuning
met my eerste boek.

Aan my ouers, Willem en Amanda Botha. Dankie dat
julle nog altyd geglo het dat geen droom van my te groot is
om te verwesenlik nie.

En aan my wonderlike man, my anker en beste vriend, Johannes.
Dit is ’n voorreg om my lewe met jou te deel.

INHOUD

Week 1:	God is almagtig	11
Week 2:	God is alwetend	17
Week 3:	God is ons beskermer	23
Week 4:	God het buitengewone krag	29
Week 5:	God, ons chirurg	35
Week 6:	God skep beter as maxima cum laude	41
Week 7:	God is betrokke in die detail van ons lewens	47
Week 8:	God gee jou deurbraak	53
Week 9:	God is die eienaar van alles	59
Week 10:	God, ons Emmanuel	65
Week 11:	Familie is vir God belangrik	71
Week 12:	God is ons finansier	77
Week 13:	God is genadig	83
Week 14:	God is ons geneesheer	89
Week 15:	God hoor jou gebede	95
Week 16:	God se sin vir humor	101
Week 17:	Vind jou identiteit in God	107
Week 18:	God is immens	113

Week 19: God is ’n jaloerse God 119

Week 20: God is ons jukverwyderaar 125

Week 21: God gee aan jou ’n keuse 131

Week 22: God antwoord op kreatiewe maniere 137

Week 23: God van die hemelse leërskare 143

Week 24: God is liefde 149

Week 25: God is magtig 155

Week 26: God het medelye met jou situasie 161

Week 27: God se liefde … deur ons liefde aan ander 167

Week 28: God is jou neutraliseerder 173

Week 29: Hou jou oë op die oggendrooi 179

Week 30: God is oral 185

Week 31: God is ons pa 191

Week 32: God is ons pantser 197

Week 33: God het ons as ’n Q-boot geskape 203

Week 34: God het jou as ’n Q-boot geskape 209

Week 35: God gooi vir ons die reddingsboei 215

Week 36: God is ons regverdige regter 221

Week 37: God is ons skaapwagter 227

Week 38: God is ons skuilplek 233

Week 39: God gee tweede kanse 239

Week 40: God is ons tydbepaler 245

Week 41: By God is ’n U-draai moontlik 251

Week 42: God is ons uitkyktoring 257

Week 43: Vergewe jy soos God jou vergewe? 263

Week 44: God is ons voorsiener 269

Week 45: God is die bron van wysheid 275

Week 46: God gee wysheid 281

Week 47: God sien jou hart soos ’n x-straalfoto 287

Week 48: God is die skepping se xilofoonspeler 293

Week 49: God is die ykmeester 299

Week 50: God is die ysbreker 305

Week 51: God, ons A tot Z 311

Week 52: God, ons A tot Z 317

Notas 323

ALMAGTIG

'n Gemeente in Amerika het 'n tyd gelede 'n kerkdiens gehad waarin hulle "boksgetuienisse" gebruik het om God se almag te demonstreer. Gemeentelede wat aan die projek wil deelneem, kry elk 'n bruin stuk boks. Gemeentelede deel dan hulle getuienisse deur aan die een kant van die boks die hindernis of uitdaging waarmee hulle gesukkel het neer te skryf en aan die ander kant van die boks die antwoord op hulle gebede.

Hier is 'n paar van die voorbeelde van die "boksgetuienisse" wat daardie aand op die verhoog verskyn het:

- Seksueel gemolesteer deur my oom – Vrygemaak en genees deur God se liefde.
- Was verslaaf aan pornografie – Vrygemaak deur God se genade.
- Was 'n kantlyn-Christen – Ek gaan 'n sendeling word.
- Veg teen kanker – Deur Jesus se wonde glo ek dat ek genees is.
- My seun het selfmoord gepleeg – Deur my hartseer het ek God se genade gevind.
- Ons het gesukkel om kinders te hê – Drie maande gelede het ons 'n seuntjie aangeneem en ons is nou swanger!

Deuteronomium 10:17

"Die Here jou God, Hy alleen is God, die Here:
die groot God, die magtige, wat wonderdade doen ..."

God is ALMAGTIG. Hy spesialiseer daarin om die onmoontlike moontlik te maak. Dit is ook Hý wat enige situasie ten goede laat meewerk. Vertrou jy Hom met jou lewe?

Kyk na die videogreep van die boksgetuienisse by http://awesomepower.net

GOD IS ALMAGTIG

Dit was 18 Augustus 2000. Die hospitaalgang na "daardie saal" was lank, haar treë stadig. 'n Ongekende vrees het gedreig om Almarie Sauerman te oorweldig. Vir haar het die gang na die saal amper so lank gevoel soos die hartseer pad van kinderloosheid wat sy en haar man, Lourens, reeds dertien jaar lank moes stap. "Here, wat as …" Sy het met 'n fluisterstem begin bid, maar telkens het die vrees haar woorde opgedroog.

Ná 'n verlowing van amper vier jaar wou die Sauermans ná hulle troudag dadelik met 'n gesin begin. Toe kom die skok: Lourens het 'n nul-spermtelling en Almarie ovuleer glad nie. Die dokters het gemeen dat 'n swangerskap vir die paartjie onmoontlik is.

'n Hartseer pad vol duur, onsuksesvolle vrugbaarheidsbehandelings het gevolg. Hulle het dikwels gehuil en magteloos gevoel wanneer mense hulle geoordeel het of vrae gevra het. Die Sauermans moes ook twee keer in die verlede aangenome babas aan die biologiese moeders teruggee. Die moeders het binne die eerste 60 dae ná die aannemings besluit om hulle babas self groot te maak.

In die lang hospitaalgang was Almarie die derde keer na die babasaal op pad. "Here, sal hierdie aanneming uitwerk?" 'n Oomblik lank het haar gedagtes teruggeflits na die gesprekke wat sy oor die jare heen met God gehad het. Daar was tye waarin sy na Hom uitgeroep het, uitgeskree het. Daar was tye toe sy in trane om 'n kindjie gesmeek het. Tye waarin sy ooreenkomste met God probeer aangaan het. Selfs tye waarin sy beloftes gemaak het van wat sy alles sou doen as God maar net vir haar 'n baba sou gee. Almarie het begeer om God se stem te hoor. Telkens het haar baarmoeder egter leeg gebly en haar gees het vermink gevoel.

Buite die deur van die babasaal het Almarie se hart in haar keel

geklop. "Here, ek kan nie nóg 'n baba teruggee nie." Met 'n diep asemteug het sy haar krag bymekaargeskraap om die deur oop te stoot.

Langs die bedjie van die klein slapende babadogtertjie, Janke, het vars trane oor Almarie se wange gestroom. "Here, sy is so mooi … so, so mooi!" Toe, terwyl Almarie langs die bedjie staan, het sy vir die eerste keer in dertien jaar God se stem duidelik gehoor: "Almarie, dertien jaar lank het jy sonder sukses probeer om lewe te skep. Ek is die Here God wat lewe gee. Jy moes só lank op hierdie kindjie wag, omdat dit is hoe lank dit My geneem het om haar vir jou te skep. Sy pas volmaak in jou hart. Geen mens sal haar ooit weer van jou af kan wegneem nie. Dit is my genadegawe aan jou."

God se belofte het vas gestaan. Die Sauermans is egter nog verder geseën. Hoewel Almarie steeds nie geovuleer het nie en Lourens steeds 'n nul-spermtelling gehad het, het Almarie 68 dae ná Janke se geboorte uitgevind dat sy swanger is. In een jaar het God aan hulle twee dogtertjies gegee. Hoekom? Want Hy is ALMAGTIG en niks is vir Hom onmoontlik nie.

Psalm 77:14-15

"Alles wat U doen, is heilig, o God.
Waar is 'n god so groot soos God? U is die God wat
wonderdade doen; U het u mag onder die volke geopenbaar."

Ervaar jy vandag soos Almarie frustrasie terwyl jy op God se antwoord wag? Onthou, God is ALMAGTIG. Vertrou Hom, want sy tydsberekening is altyd perfek!

Vader God, baie dankie vir u almag en u heerlikheid. Dankie dat niks vir U onmoontlik is nie. U is werklik 'n ALMAGTIGE God. Gee my vandag die krag om my vertroue net in U te plaas, met die wete dat u tydsberekening perfek is. Ek vra dit in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Kyk na 'n foto van Almarie en die kinders by www.benescke.co.za

GOD IS ALMAGTIG

Interskole, 23 Mei, 1998. Grey Kollege speel teen Paarl Boys High. Twintig minute voor die einde van die hoofwedstryd blaas die skeidsregter die fluitjie. Hy dui aan dat die twee spanne moet skrum. Willem Meyer, Grey se haker, sak net te laat in die skrum en toe dit opbreek, gly sy arms van die twee voorrye langs hom se rûe af.

Met verwilderde oë het Willem op die gras gelê terwyl hy besef het dat hy geen van sy ledemate kan beweeg nie. Die jolige skare op die paviljoen was meteens stil terwyl hulle geskok toegekyk het hoe die noodhulpspan Willem versigtig in die agterkant van die ambulans intel. Toe die deure agter hom toegemaak word, het vier jaar se rugby voor Willem verbygeflits.

Willem het sy hoërskoolloopbaan aan Grey Kollege in Bloemfontein begin. Vir hom en sy vriende was dit 'n droom om eendag vir Grey se eerste rugbyspan uit te draf. In sy matriekjaar is hierdie droom bewaarheid toe Willem vir die span gekies is. Sy droom het egter nie lank gehou nie. Weens 'n lastige skouerbesering wat hy tydens die proewe opgedoen het, het die fisioterapeut hom meegedeel dat hy die span se toer na Dubai sou misloop.

Teleurgesteld het Willem daardie aand op sy knieë gegaan terwyl hy met God gesels oor sy besering en sy begeerte om die Dubai-toer mee te maak. In sy stiltetyd het hy ervaar hoe God hom na die belofte in Psalm 112:7 lei: *"Vir slegte tyding is hy nie bevrees nie, hy is gerus, hy vertrou op die Here."*

Willem het aan die belofte vasgehou en ná intensiewe fisioterapie het sy skouerbesering só vinnig genees dat hy wel saam met die span aan die wêreldskole-toernooi in Dubai kon gaan deelneem. Die res van daardie jaar het hy homself elke keer voor 'n wedstryd

aan Psalm 112 herinner en deur God se genade het Willem nie een wedstryd weens 'n besering misgeloop nie.

Terwyl die noodpersoneel hom by die hospitaal se noodeenheid instoot, kon Willem die spanning op sy pa se gesig lees. Dit was duidelik dat hy ernstig beseer was. Weer het Willem sy oë gesluit om homself aan die woorde van Psalm 112:7 te herinner.

Die dokters het Willem dadelik in traksie geplaas. Terwyl hy na die dak gestaar het, het die ortopeed in die kamer langsaan die nuus aan Willem se pa en Grey se skoolhoof meegedeel: "Willem se spinale koord is baie ernstig beseer. Ek is jammer, maar hy sal voortaan 'n kwadrupleeg wees."

Die dokters het egter nie rekening gehou met die ALMAGTIGE God wat ons aanbid nie! Terwyl niemand die moed gehad het om die nuus aan Willem oor te dra nie, het hy ook geen negatiwiteit rondom hom toegelaat nie. By hom was daar geen twyfel dat God hom sou genees nie. God het Willem se geloof en vertroue in Hom raakgesien. Hy het hom aangeraak en ses maande later het Willem wonderbaarlik begin herstel. Hoewel hy van voor af moes leer loop, het niks hom ontmoedig om ten volle te herstel en selfs die gewig op te tel wat hy ná die ongeluk verloor het nie.

Vandag, meer as 'n dekade later, is Willem getroud en suksesvol in sy werk. Wanneer 'n mens na hom kyk, sal jy nooit glo dat hy eens op die rugbyveld in die Paarl met 'n gebreekte nek inmekaargesak het nie!

Vader God, dankie vir u ALMAG en dat U veel groter is as enige hindernis wat oor my pad mag kom. Lei my asseblief om net soos Willem in moeilike situasies altyd aan u woord vas te hou. Ek vra vir dit in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Kyk na 'n foto van Willem by www.benescke.co.za

TEKSVERSE EN VRAE

teksverse vir die week

- Psalm 77:14-15: *"Alles wat U doen, is heilig, o God. Waar is 'n god so groot soos God? U is die God wat wonderdade doen; U het u mag onder die volke geopenbaar."*
- Psalm 112:7: *"Vir slegte tyding is hy nie bevrees nie, hy is gerus, hy vertrou op die Here."*
- Deuteronomium 10:17: *"Die Here jou God, Hy alleen is God, die Here: die groot God, die magtige, wat wonderdade doen ..."*

vrae om oor na te dink

1. God is ALMAGTIG. Wat beteken dit vir jou?
2. Lees weer Psalm 77:14-15. Wat is jou houding terwyl jy soos Almarie op God se antwoord vir jou gebede wag?
3. Lees weer Psalm 112:7. Watter krag lê daarin om soos Willem te midde van moeilike tye aan God se beloftes vas te hou?